*Maandag* **2 Februarie**
**Skrifgedeelte: Lukas 1:46-56**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:50 (AFR53)**
**God se barmhartigheid is van geslag tot geslag vir wie Hom vrees**

Maria besing God se grootheid, haar loflied borrel oor van vreugde en dankbaarheid. Maar haar lied gaan nie oor haar nie, nee sy is maar ’n nederige jong vrou, haar lied gaan oor God alleen. Die Here kies haar om die moeder van die Verlosser te wees, nie omdat sy dit verdien nie, maar omdat God barmhartig is. In vers 50 sê sy: *“En sy barmhartigheid is van geslag tot geslag vir die wat Hom vrees.”*

Hier sien ons weer duidelik hoe God se barmhartigheid die hart van die evangelie is: Maria het nie uit haar eie dade verdien om ’n instrument in God se verlossingsplan te wees nie, maar God het in sy soewereine wil gekies om barmhartig teenoor haar te wees. God kies om sy barmhartigheid te betoon aan wie Hy wil (Rom. 9:15).

In nederigheid kan ons ook besef dat alles wat ons van God ontvang, sy guns, sy voorsienigheid, sy trou is alles uit genade alleen. En hierdie barmhartigheid is ook verbondsmagtig, want dit duur “van geslag tot geslag vir die wat Hom vrees” (vs 50). Lukas 1:50 leer ons dat God se barmhartigheid nie beperk is tot een tyd of een persoon nie, maar van geslag tot geslag strek oor almal wat Hom vrees. Dit beteken dat sy barmhartige ontferming standvastig en voortdurend is, God bly getrou aan sy verbond wat Hy met die vaders van die volk gesluit het en dit is vervul in die koms en bloed van sy Seun Jesus Christus. Hierdie selfde barmhartigheid van God beleef ons ook elke dag as ons Hom vrees en ons sal dit ook beleef tot die voleinding toe.

*Sing: Psalm 84-1:6*
*Ds. EJ (Ernest) Vogt (Hartbeespoort)*